



MENIKO



**THE PROVINCE OF TRANSVAAL
Official Gazette**

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

**DIE PROVINSIE TRANSVAAL****Offisiële Koerant**

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

PRICE: S.A. 10c OVERSEAS 15c

PRYS: S.A. 10c OORSEE 15c

VOL. 219

PRETORIA 31 DECEMBER,
31 DESEMBER 1975

3794

No. 270 (Administrator's), 1975.

PROCLAMATION

by the Honourable the Administrator of the Province of Transvaal.

Under the powers vested in me by section 4 of the Local Authorities Roads Ordinance, 1904, read with section 80 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, I do hereby proclaim the road as described in the Schedule hereto as a public road under the jurisdiction of the City Council of Springs.

Given under my Hand at Pretoria, this 15th day of December, One thousand Nine hundred and Seventy-five.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrator of the Province Transvaal.
PB. 3-6-6-2-32-3

SCHEDULE.**SPRINGS MUNICIPALITY: DESCRIPTION OF ROAD.**

A road over Portion 11 and the Remainder of the farm Geduld 123-I.R., as more fully shown by the letters ABCDEF on Diagram S.G. No. 432/75.

No. 271 (Administrator's), 1975.

PROCLAMATION

Whereas power is vested in me by section 2 of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967) to alter, suspend or remove a restriction or obligation referred to in that section.

Now therefore I do hereby, in respect of Lots 302 and 303, situate in Saxonwold Township, district Johannesburg, held in terms of Deed of Transfer F.10124/1957, remove condition 1(b).

Given under my Hand at Pretoria, this 5th day of December, One thousand Nine hundred and Seventy-five.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrator of the Province Transvaal.
PB. 4-14-2-1207-13

No. 270 (Administrators-), 1975.

PROKLAMASIE

deur sy Edele die Administrateur van die Provincie Transvaal.

Kragtens die bevoegdhede aan my verleen by artikel 4 van die "Local Authorities Roads Ordinance", 1904, gelees met artikel 80 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, proklameer ek hierby die pad soos omskryf in die bygaande Bylae tot 'n publieke pad onder die regsbevoegdheid van die Stadsraad van Springs.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 15de dag van Desember, Eenduisend Negehonderd Vyf-en-sewentig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrateur van die Provincie Transvaal.
PB. 3-6-6-2-32-3

BYLAE..**MUNISIPALITEIT SPRINGS: BESKRYWING VAN PAD.**

'n Pad oor Gedeelte 11 en die Restant van die plaas Geduld 123-I.R. soos meer volledig aangedui deur die letters ABCDEF op Kaart L.G. No. 432/75.

No. 271 (Administrators-), 1975.

PROKLAMASIE

Nademaal bevoegdheid by artikel 2 van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967) aan my verleen is om 'n beperking of verpligting in daardie artikel genoem te wysig, op te skort of op te hef;

So is dit dat ek, met betrekking tot Lotte 302 en 303, geleë in dorp Saxonwold, distrik Johannesburg, gehou kragtens Akte van Transport F.10124/1957, voorwaarde 1(b) ophef.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 5de dag van Desember, Eenduisend Negehonderd Vyf-en-sewentig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrateur van die Provincie Transvaal.
PB. 4-14-2-1207-13

No. 272 (Administrator's), 1975.

PROCLAMATION

Whereas power is vested in me by section 2 of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967) to alter, suspend or remove a restriction or obligation referred to in that section.

Now therefore I do hereby, in respect of Lots 1140 and 1141, situate in Parkview Township, district Johannesburg, held in terms of Deed of Transfer F.5145/1973, remove conditions 1(e) and 1(m).

Given under my Hand at Pretoria, this 30th day of April, One thousand Nine hundred and Seventy-five.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrator of the Province Transvaal.
PB. 4-14-2-1013-6

ADMINISTRATOR'S NOTICES

Administrator's Notice 2152

24 December, 1975

VILLAGE COUNCIL OF BRONKHORSTSspruit: PROPOSED RAISING OF STATUS TO A TOWN COUNCIL.

It is hereby notified in terms of section 14 of Ordinance 17 of 1939, that the Administrator in terms of section 9(1)(a) of the said Ordinance, intends constituting a town council for the Bronkhortspruit Village Council in lieu of the existing Village Council.

In terms of section 13 of the said Ordinance, it shall be competent for any person interested, within 30 days of the first publication hereof in the *Provincial Gazette*, to present to the Administrator a counterpetition setting forth the grounds of opposition to the said intention.

PB. 3-6-5-2-50

Administrator's Notice 2185

31 December, 1975

RUSTENBURG MUNICIPALITY: PROPOSED ALTERATION OF BOUNDARIES.

Notice is hereby given, in terms of section 10 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Rustenburg has submitted a petition to the Administrator praying that he may in the exercise of the powers conferred on him by section 9(7) of the said Ordinance, alter the boundaries of Rustenburg Municipality by the inclusion therein of the area described in the Schedule hereto.

It shall be competent for any persons interested, within 30 days of the first publication hereof in the *Provincial Gazette*, to direct to the Director of Local Government, Private Bag X437, Pretoria a counterpetition requesting the Administrator to refrain from granting the said petition, either wholly or in part.

No. 272 (Administrateurs-), 1975.

PROKLAMASIE

Nademaal bevoegdheid by artikel 2 van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967) aan my verleen is om 'n beperking of verpligting in daardie artikel genoem te wysig, op te skort of op te hef;

So is dit dat ek, met betrekking tot Lotte 1140 en 1141, geleë in dorp Parkview, distrik Johannesburg, gehou kragtens Akte van Transport F.5145/1973, voorwaardes 1(e) en 1(m) ophef.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 30ste dag van April, Eenduisend Negehonderd Vyf-en-sewentig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrateur van die Provinie Transvaal.
PB. 4-14-2-1013-6

ADMINISTRATEURSKENNISGEWINGS

Administrateurskennisgewing 2152

24 Desember 1975

DORPSRAAD VAN BRONKHORSTSspruit: VOORGESTELDE VERHOGING VAN STATUS TOT 'N STADSRAAD.

Hierby word ingevolge artikel 14 van Ordonnansie 17 van 1939, bekend gemaak dat die Administrateur van voorneme is om ingevolge artikel 9(1)(a) van genoemde Ordonnansie, 'n stadsraad vir die dorpsraad van Bronkhortspruit in die plek van die bestaande dorpsraad in te stel.

Enige belanghebbende persoon, is ingevolge artikel 13 van genoemde Ordonnansie, bevoeg om binne dertig dae na die eerste publikasie hiervan in die *Offisiële Koerant van die Provinie*, 'n teenpetisie aan die Administrateur voor te lê met vermelding van die gronde van beswaar teen genoemde voornemens.

PB. 3-6-5-2-50

Administrateurskennisgewing 2185

31 Desember 1975

MUNISIPALITEIT RUSTENBURG: VOORGESTELDE VERANDERING VAN GRENSE.

Ingevolge artikel 10 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekend gemaak dat die Stadsraad van Rustenburg 'n versoekskrif by die Administrateur ingedien het met die bede dat hy die bevoegdheide aan hom verleen by artikel 9(7) van genoemde Ordonnansie uitoefen en die grense van die Municipaliteit Rustenburg verander deur die opneming daarin van die gebied wat in die Bylae hierby omskryf word.

Enige belanghebbende persone is bevoeg om binne 30 dae na die eerste publikasie hiervan in die *Provinciale Koerant* aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pri-vaaitsak X437, Pretoria 'n teenpetisie te rig waarin die Administrateur versoek word om nie aan genoemde versoekskrif, in geheel of ten dele, te voldoen nie.

Further particulars of the application are open for inspection at the office of the Director of Local Government, Room B206A, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria and at the office of the Town Clerk of Rustenburg.

PB. 3-2-3-31
31—7—14

SCHEDULE.

RUSTENBURG MUNICIPALITY: DESCRIPTION OF AREA TO BE INCLUDED.

Portion 23 of the farm Boschdal 309-J.Q., vide Diagram S.G. A.1765/74 in extent 45,4609 ha.

Administrator's Notice 2186 31 December, 1975

REGULATIONS GOVERNING THE JOINT MUNICIPAL MEDICAL AID FUND (TRANSVAAL): AMENDMENT.

The Administrator hereby in terms of section 79bis(6) of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939) amends the Regulations governing the Joint Municipal Medical Aid Fund (Transvaal) promulgated under Administrator's Notice 825 of 27 October, 1965, by the addition at the end of regulation 20 of the following subregulations:

"(3) (a) In the event of any payment in terms of sub-regulation (2) being received by the fund after the 7th day of any month, the committee may charge interest at such rate as such committee may decide, but not exceeding 7,5 per cent per annum.

(b) Such interest shall be calculated from the 1st day of the month in which payment is due up to the date on which the payment is received."

Administrator's Notice 2178 31 December, 1975

VANDERBIJLPARK MUNICIPALITY: PROPOSED ALTERATION OF BOUNDARIES.

Notice is hereby given, in terms of section 10 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Vanderbijlpark has submitted a petition to the Administrator praying that he may in the exercise of the powers conferred on him by section 9(7) of the said Ordinance, alter the boundaries of Vanderbijlpark Municipality by the inclusion therein of the area described in the Schedule hereto.

It shall be competent for any persons interested, within 30 days of the first publication hereof in the *Provincial Gazette*, to direct to the Director of Local Government, Private Bag X437, Pretoria a counterpetition requesting the Administrator to refrain from granting the said petition, either wholly or in part.

Further particulars of the application are open for inspection at the office of the Director of Local Government, Room B206A, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria and at the office of the Town Clerk of Vanderbijlpark.

PB. 3-2-3-34

Verdere besonderhede van die aansoek lê in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Kamer B206A, Provinciale Gebou, Pretoriusstraat, Pretoria, en in die kantoor van die Stadsklerk, Rustenburg, ter insae.

PB. 3-2-3-31
31—7—14

BYLAE.

MUNISIPALITEIT RUSTENBURG: BESKRYWING VAN GEBIED WAT INGELYF STAAN TE WORD.

Gedeelte 23 van die plaas Boschdal 309-J.Q., volgens Kaart L.G. A.1765/74, groot 45,4609 ha.

Administrateurskennisgewing 2186 31 Desember 1975

REGULASIES VAN DIE GEMEENSKAPLIKE MUNISIPALE MEDIESE HULPFONDS (TRANSVAAL): WYSIGING.

Ingevolge artikel 79bis(6) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur 1939, (Ordonnansie 17 van 1939) wysig die Administrateur hierby Regulasies van die Gemeenskaplike Munisipale Mediese Hulpfonds (Transvaal) afgekondig by Administrateurskennisgewing 825 van 27 Oktober 1965, deur na regulasie 20 die volgende subregulasies toe te voeg:

"(3) (a) Indien enige betaling ingevolge subregulasie (2) na die 7de dag van enige maand deur die fonds ontvang word, kan die komitee rente hef teen sodanige tarief as wat sodanige komitee mag besluit, maar nie 7,5 persent per jaar te bowegaande nie.

(b) Sodanige rente word vanaf die 1ste dag van die maand ten opsigte waarvan betaling verskuldig is tot op die datum waarop betaling ontvang word, bereken."

Administrateurskennisgewing 2187 31 Desember 1975

MUNISIPALITEIT VANDERBIJLPARK: VOORGETELDE VERANDERING VAN GRENSE.

Ingevolge artikel 10 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekend gemaak dat die Stadsraad van Vanderbijlpark 'n versoekskrif by die Administrateur ingedien het met die bede dat hy die bevoegdhede aan hom verleen by artikel 9(7) van genoemde Ordonnansie uitoefen en die grense van die Munisipaliteit Vanderbijlpark verander deur die opneming daarin van die gebied wat in die Bylae hierby omskryf word.

Enige belanghebbende persone is bevoeg om binne 30 dae na die eerste publikasie hiervan in die *Provinciale Koerant* aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pri-vatsak X437, Pretoria 'n teenpetisie te rig waarin die Administrateur versoek word om nie aan genoemde versoekskrif, in geheel of ten dele, te voldoen nie.

Verdere besonderhede van die aansoek lê in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Kamer B206A, Provinciale Gebou, Pretoriusstraat, Pretoria, en in die kantoor van die Stadsklerk, Vanderbijlpark, ter insae.

PB. 3-2-3-34

SCHEDULE.

VANDERBIJLPARK MUNICIPALITY: DESCRIPTION OF AREA TO BE INCLUDED.

- (a) Beginning at the south-western beacon of Portion 24 (Diagram S.G. A.7481/72) of the farm Quaggasfontein alias Lapdoorns 548-I.Q.; thence generally eastwards along the southern boundary of the said Portion 24 to the point where the said boundary is intersected by the prolongation northwards of the western boundary of Portion 21 (Diagram S.G. A.7965/69) of the farm Quaggasfontein alias Lapdoorns 548-I.Q.; thence southwards along the said prolongation and the western boundaries of the following portions of the farm Quaggasfontein alias Lapdoorns 548-I.Q.; the said Portion 21 and Portion 22 (Diagram S.G. A.7966/69) to the south-western beacon of the lastnamed portion; thence south-westwards, westwards and northwards along the south-eastern, southern and western boundaries of the farm Quaggasfontein alias Lapdoorns 548-I.Q. to the south-western beacon of Portion 24 (Diagram S.G. A.7481/72) of the said farm; the place of beginning.
- (b) Beginning at the north-western beacon of Portion 19 (Diagram S.G. A.7460/67) of the farm Cyferpan 549-I.Q.; thence eastwards along the northern boundaries of the following portions of the farm Cyferpan 549-I.Q.: the said Portion 19 and Portion 5 (Diagram S.G. A.3846/27) to the north-eastern beacon of the lastnamed portion; thence south-westwards along the boundaries of the farm Vanderbijl Park 550-I.Q. so as to exclude it from this area to beacon lettered F on Diagram S.G. A.4849/55 of the farm Rietkuil 551-I.Q.; thence generally northwards along the boundaries of the following farms so as to exclude them from this area: the said farm Rietkuil 551-I.Q. and Rietkuil 554-I.Q. to the north-western beacon of Portion 19 (Diagram S.G. A.7460/67 of the farm Cyferpan 549-I.Q.; the place of beginning.

Administrator's Notice 2188

31 December, 1975

BENONI MUNICIPALITY: AMENDMENT TO WATER SUPPLY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Water Supply By-laws of the Benoni Municipality, published under Administrator's Notice 787, dated 18 October 1950, as amended, are hereby further amended by the substitution for paragraph (d) of item 7(2) of the Water Tariff under Annexure I of Schedule 1 to Chapter 3 of the following:

"(d) *Fairlead Agricultural Holdings*: Holdings 1 to 131, 133 to 178 and 180 to 211 inclusive."

PB. 2-4-2-104-6

BYLAE.

MUNISIPALITEIT VANDERBIJLPARK: BESKRYWING VAN GEBIEDE WAT INGELYF STAAN TE WORD.

- (a) Begin by die suidwestelike baken van Gedeelte 24 (Kaart L.G. A.7481/72) van die plaas Quaggasfontein alias Lapdoorns 548-I.Q.: dan algemeen ooswaarts langs die suidelike grens van die Genoemde Gedeelte 24 tot by die punt waar die genoemde grens gesny word deur die verlenging noordwaarts van die westelike grens van Gedeelte 21 (Kaart L.G. A.7965/69) van die plaas Quaggasfontein alias Lapdoorns 548-I.Q.; dan suidwaarts langs die genoemde verlenging en die westelike grense van die volgende gedeeltes van die plaas Quaggasfontein alias Lapdoorns 548-I.Q.: die genoemde Gedeelte 21 en Gedeelte 22 (Kaart L.G. A.7966/69) tot by die suidwestelike baken van die laasgenoemde gedeelte; dan suidweswaarts, weswaarts en noordwaarts langs die suidoostelike, suidelike en westelike grense van die plaas Quaggasfontein alias Lapdoorns 548-I.Q. tot by die suidwestelike baken van Gedeelte 24 (Kaart L.G. A.7481/72) van die genoemde plaas; die begin punt.
- (b) Begin by die noordwestelike baken van Gedeelte 19 (Kaart L.G. A.7460/67) van die plaas Cyferpan 549-I.Q.; dan ooswaarts langs die noordelike grense van die volgende gedeeltes van die plaas Cyferpan 549-I.Q.: die genoemde Gedeelte 19 en Gedeelte 5 (Kaart L.G. A.3846/27) tot by die noordoostelike baken van die laasgenoemde gedeelte; dan suidweswaarts langs die grense van die plaas Vanderbijl Park 550-I.Q. sodat dit uit hierdie gebied uitgesluit word tot by baken geletter F op Kaart L.G. A.4849/55 van die plaas Rietkuil 551-I.Q.; dan algemeen noordwaarts langs die grense van die volgende plase sodat hulle uit hierdie gebied uitgesluit word; die genoemde plaas Rietkuil 551-I.Q. en Rietkuil 554-I.Q. tot by die noordwestelike baken van Gedeelte 19 (Kaart L.G. A.7460/67) van die plaas Cyferpan 549-I.Q.; die begin punt.

Administrateurskennisgewing 2188

31 Desember 1975

MUNISIPALITEIT BENONI: WYSIGING VAN WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Watervoorsieningsverordeninge van die Munisipaliteit Benoni, aangekondig by Administrateurskennisgewing 787 van 18 Oktober 1950, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur paragraaf (d) van item 7(2) van die Watertarief onder Aanhangsel I van Bylae 1 by Hoofstuk 3 deur die volgende te vervang:

"(d) *Fairlead Landbouhoeves*: Hoeves 1 tot 131, 133 tot 178 en 180 tot 211 insluitend."

PB. 2-4-2-104-6

Administrator's Notice 2189

31 December, 1975

BARBERTON MUNICIPALITY: AMENDMENT TO WATER SUPPLY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Water Supply By-laws of the Barberton Municipality, approved by the Lieutenant-Governor of the Transvaal on 23 November 1904, as amended, are hereby further amended by amending the Tariff of Charges as follows:

1. By the insertion after item 1(2) of the following:
“(3) Minimum charge, irrespectively whether water is consumed or not: R2,50.”
2. By the addition after item 5 of the following:

“6. Deposits.

Except in the case of the Government of the Republic of South Africa (including the Transvaal Provincial Administration and the South African Railways and Harbours Administration) or other class of consumer approved by the Council, every applicant for a supply shall, before such supply is given, deposit with the Council a sum of money on the basis of the cost of the maximum consumption of water which the applicant is, in the Treasurer's opinion, likely to use during any two consecutive months: Provided that such amount shall not be less than R10.”

PB. 2-4-2-104-5

Administrator's Notice 2190

31 December, 1975

BEDFORDVIEW MUNICIPALITY: AMENDMENT TO LEAVE REGULATIONS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Leave Regulations of the Bedfordview Municipality, published under Administrator's Notice 1001, dated 28 December 1960, as amended, are hereby further amended as follows:

1. By the substitution for sections 7 and 8 of the following:

“Leave Groups.

7. Employees shall, for the purpose of these regulations, be classified under one of the following groups:

Group A: Town Clerk, Clerk of the Council, Town Engineer, Electrical Engineer and Town Treasurer.

Group B: Employees who are members of the salaried staff and who are in receipt of a basic annual salary which is not more than R1 000 less than that of the employees in Group A, the Town Clerk excluded.

Group C: All other salaried employees, excluding all casual employees who are members of the salaried staff.

Group D: All casual employees who are members of the salaried staff.

Administrateurskennisgewing 2189

31 Desember 1975

MUNISIPALITEIT BARBERTON: WYSIGING VAN WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Watervoorsieningsverordeninge van die Munisipaliteit Barberton, goedgekeur deur die Luitenant-Goewerneur van Transvaal op 23 November 1904, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur die Tarief van Gelde soos volg te wysig:

1. Deur na item 1(2) die volgende in te voeg:
“(3) Minimum vordering, of water verbruik word al dan nie: R2,50.”
2. Deur na item 5 die volgende by te voeg:

“6. Deposito's.

Uitgesonderd in die geval van die Regering van die Republiek van Suid-Afrika (met inbegrip van die Transvaalse Provinciale Administrasie en die Suid-Afrikaanse Spoerweg- en Hawe-administrasie) of 'n ander klas verbruiker deur die Raad goedgekeur, moet elke aansoeker om 'n toevoer, voordat sodanige toevoer geskied, by die Raad 'n bedrag geld stort op die basis van die koste van die maksimum waterverbruik wat die aansoeker, na die tesourier se mening, waarskynlik gedurende enige twee agtereenvolgende maande sal gebruik: Met dien verstande dat sodanige bedrag nie minder as R10 mag wees nie.”

PB. 2-4-2-104-5

Administrateurskennisgewing 2190

31 Desember 1975

MUNISIPALITEIT BEDFORDVIEW: WYSIGING VAN VERLOFREGULASIES.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verlofregulasies van die Munisipaliteit Bedfordview, aangekondig by Administrateurskennisgewing 1001 van 28 Desember 1960, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

1. Deur artikels 7 en 8 deur die volgende te vervang:
“Verlofgroepe.

7. Werknemers word, vir die toepassing van hierdie regulasies, onder een van die volgende groepe ingedeel:
Groep A: Stadsklerk, Klerk van die Raad, Stadsingenieur, Elektrotegniese Ingenieur en Stadstesourier.

Groep B: Werknemers wat lede van die gesalarieerde personeel is en wat 'n basiese jaarlikse salaris ontvang wat nie meer as R1 000 minder is as dié van werknemers in Groep A nie, die Stadsklerk uitgesluit.

Groep C: Alle ander lede van die gesalarieerde personeel, uitsluitende alle los werknemers wat lede van die gesalarieerde personeel is.

Groep D: Alle los werknemers wat lede van die gesalarieerde personeel is.

Extent to which Leave may be Granted.

8. Employees falling within the groups specified in section 7 may be granted leave in accordance with the following scales, except in the case of existing employees who retain their leave privileges as at the date of promulgation of this amendment:

(1) *Vacation Leave:*

- Group A: 30 days per annum.
- Group B: 28 days per annum.
- Group C: 25 days per annum.
- Group D: 15 days per annum.

An additional three days vacation leave per annum, with a maximum of 30 days per annum, shall be granted to a six-day per week employee.

(2) *Sick Leave:*

Groups A to C: 120 days on full pay and 120 days on half pay in each cycle of three years.

Group D: 60 days on full pay and 60 days on half pay in each cycle of three years."

2. By amending section 9 as follows:

- (a) By the deletion in the introductory paragraph of subsection (1) of the expression "and twenty-one days of the vacation leave specified for Group E," and the substitution for the figure "9" of the figure "8".
- (b) By the deletion in subsection (1)(a) of the expression "and none in Group E".

3. By the substitution in subsection 10(1)(a), (2)(c) and 14 for the figure "9" of the figure "8".

4. By the deletion in section 10(2)(a) of the expression "application for sick leave by an employee falling within Group E under regulation 9, and an" and the substitution for the figure "9" in the fifth line of the figure "8".

PB. 2-4-2-54-46

Administrator's Notice 2191

31 December, 1975

EDENVALE MUNICIPALITY: SANITARY AND REFUSE REMOVALS TARIFF.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Sanitary and Refuse Removals Tariff of the Edenvale Municipality, as envisaged in terms of section 19(a) of the Public Health By-laws of the said Municipality, published under Administrator's Notice 148, dated 21 February 1951, shall be as follows:

SANITARY AND REFUSE REMOVALS TARIFF.

1. *Removal of Night-soil.*

- (1) For the removal of night-soil from premises, except as provided in subitem (2), three times per week, per pail, per month: R2.
- (2) For the removal of night-soil from premises in the Coloured township, three times per week, per pail, per month: R1.
- (3) For the removal of night-soil from vacuum tanks:

Hoeveel verlof Toegestaan kan word.

8. Aan werknemers in die verskillende groepe in artikel 7 genoem, kan verlof volgens die volgende skaal toegestaan word, met uitsondering van bestaande werknemers wie hulle verlofvoordele soos op datum van afkondiging van hierdie wysiging behou:

(1) *Vakansieverlof:*

- Groep A: 30 dae per jaar.
- Groep B: 28 dae per jaar.
- Groep C: 25 dae per jaar.
- Groep D: 15 dae per jaar.

'n Bykomende drie dae vakansieverlof per jaar, met 'n maksimum van 30 dae per jaar, word aan 'n werknemer wat 'n sesdagweek werk, toegestaan.

(2) *Siekteverlof:*

Groepe A tot C: 120 dae met volle besoldiging en 120 dae met halfbesoldiging in elke kringloop van drie jaar.

Groep D: 60 dae met volle besoldiging en 60 dae met halfbesoldiging in elke kringloop van drie jaar."

2. Deur artikel 9 soos volg te wysig:

- (a) Deur in die inleidende paragraaf van subartikel (1) die uitdrukking "en een-en-twintig dae van die vakansieverlof bepaal vir Groep E," te skrap en die syfer "9" deur die syfer "8" te vervang.
- (b) Deur in subartikel (1)(a) die uitdrukking "en geen dae in Groep E" te skrap.

3. Deur in artikels 10(1)(a), (2)(c) en 14 die syfer "9" deur die syfer "8" te vervang.

4. Deur in artikel 10(2)(a) die uitdrukking "siekteverlof deur 'n werknemer onder Groep E ingevolge regulasie 9 aangevra word, en as" te skrap, en die syfer "9" in die vierde reël deur die syfer "8" te vervang.

PB. 2-4-2-54-46

Administrateurskennisgewing 2191 31 Desember 1975

MUNISIPALITEIT EDENVALE: SANITÈRE EN VULLISVERWYDERINGSTARIEF.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Sanitère en Vullisverwyderingstarief van die Municipaliteit Edenvale, soos beoog by artikel 19(a) van die Publieke Gesondheidsverordeninge van genoemde Municipaliteit, afgekondig by Administrateurskennisgewing 148 van 21 Februarie 1951, is soos volg:

SANITÈRE EN VULLISVERWYDERINGSTARIEF.

1. *Verwydering van Nagvuil.*

- (1) Vir die verwijdering van nagvuil van persele af, uitgesonderd soos in subitem (2) bepaal, drie keer per week, per emmer, per maand: R2.
- (2) Vir die verwijdering van nagvuil van persele af in die Kleurlingdorp, drie keer per week, per emmer, per maand: R1.
- (3) Vir die verwijdering van nagvuil vanuit vakuumentens:

- (a) Per kl or part thereof: 50c.
- (b) Minimum charge, per month: R10.
- (4) For the removal of night-soil from septic tanks, per removal: R10.

2. Removal of Refuse.

- (1) Removal of refuse by means of refuse bins, per month:
 - (a) From any premises, except as provided in paragraph (b), per refuse bin:
 - (i) Twice weekly: R2.
 - (ii) Six times per week: R6.
 - (b) From any premises in the Coloured Township, twice weekly, per refuse bin: R1.
- (2) Removal of refuse by means of bulk containers, per month:
 - (a) Per bulk container of 1 m³:
 - (i) Twice weekly: R30.
 - (ii) Six times per week: R90.
 - (b) Per bulk container of 6 m³:
 - (i) Once per month: R30.
 - (ii) For each additional removal during the same month: R25.

3. Removal of Dead Animals.

- (1) Horses, cattle, sheep, goats, pigs, each: R5.
- (2) Dogs, cats, each: 30c.

The Sanitary Tariff of the Edenvale Municipality, published under Administrator's Notice 801, dated 13 November 1957, as amended, is hereby revoked.

The provisions in this notice contained, shall come into operation on 1 January 1976.

PB. 2-4-2-81-13

Administrator's Notice 2192

31 December, 1975

EDENVALE MUNICIPALITY: AMENDMENT TO VACUUM TANK BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereunder, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Vacuum Tank By-laws of the Edenvale Municipality, published under Administrator's Notice 132, dated the 15 February 1950, as amended, are hereby further amended by the deletion of section 8.

The provision in this notice contained, shall come into operation on 1 January 1976.

PB. 2-4-2-153-13

Administrator's Notice 2193

31 December, 1975

KRUGERSDORP MUNICIPALITY: REFUSE (SOLID WASTES) AND SANITARY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of

- (a) Per kl of gedeelte daarvan: 50c.
- (b) Minimum heffing, per maand: R10.
- (4) Vir die verwydering van nagvuil vanuit rottingsputte, per verwydering: R10.

2. Verwydering van Vullis.

- (1) Verwydering van vullis deur middel van vullisblikke, per maand:
 - (a) Van enige perseel af, uitgesonderd soos in paragraaf (b) bepaal, per vullisblik:
 - (i) Twee keer per week: R2.
 - (ii) Ses keer per week: R6.
 - (b) Van enige perseel af in die Kleurlingdorp, twee keer week, per vullisblik: R1.
- (2) Verwydering van vullis deur middel van grootmaathouers, per maand:
 - (a) Per grootmaathouer van 1 m³:
 - (i) Twee keer per week: R30.
 - (ii) Ses keer per week: R90.
 - (b) Per grootmaathouer van 6 m³:
 - (i) Een keer per maand: R30.
 - (ii) Vir elke bykomende verwydering in die selfde maand: R25.

3. Verwydering van Dooie Diere.

- (1) Perde, beeste, skape, bokke, varke, elk: R5.
- (2) Honde, katte, elk: 30c.

Die Sanitäre Tarief van die Munisipaliteit Edenvale, afgekondig by Administrateurskennisgewing 801 van 13 November 1957, soos gewysig, word hierby herroep.

Die bepalings in hierdie kennisgewing vervat, tree op 1 Januarie 1976 in werking.

PB. 2-4-2-81-13

Administrateurskennisgewing 2192 31 Desember 1975

MUNISIPALITEIT EDENVALE: WYSIGING VAN VERORDENINGE OP VAKUUMTENKS.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierby uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordeninge op Vakuumtenks van die Munisipaliteit van Edenvale, afgekondig by Administrateurskennisgewing 132 van 15 Februarie 1950, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur artikel 8 te skrap.

Die bepaling in hierdie kennisgewing vervat, tree op 1 Januarie 1976 in werking.

PB. 2-4-2-153-13

Administrateurskennisgewing 2193 31 Desember 1975

MUNISIPALITEIT KRUGERSDORP: VERORDENINGE BETREFFENDE VASTE AFVAL EN SANITET.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel

the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

CHAPTER 1.

Definitions.

1. For the purposes of these by-laws, unless the context otherwise indicates —

“bin liner” means a plastic bag as prescribed by the Council which is being placed inside the container;

“builders refuse” means refuse generated by demolition, excavation or building activities on premises;

“bulky refuse” means refuse which emanates from any premises excluding industrial refuse and which cannot by virtue of its mass, shape, size or quantity be conveniently accumulated or removed in a container with a bin liner;

“business refuse” means refuse generated by the use of premises other than a private dwelling-house used solely as a residence, but shall not include builders refuse, bulky refuse, domestic refuse or industrial refuse;

“container” means a standard type of refuse container as approved by the Council and which may be supplied by the Council at ruling cost;

“Council” means the Town Council of Krugersdorp, that Council's Management Committee acting under the powers delegated to it in terms of section 58 of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960, and any officer to whom that Committee has been empowered by the Council in terms of subsection (2) of the said section to delegate and has in fact delegated, the powers, functions and duties vesting in the Council in relation to these by-laws;

“domestic refuse”, which includes garden refuse, means refuse normally generated by the use as a residence of a private dwelling-house, including flats, hospitals, schools, hostels, compounds, benevolent societies, churches and halls situated on mine or private property and which can be easily removed without damaging the bin liner;

“dry industrial refuse” means dry refuse generated as a result of manufacturing, maintenance, fabricating and dismantling activities and the activities of railway marshalling yards, but shall not include builders refuse, special industrial refuse or domestic refuse;

“garden refuse” means refuse which is generated as a result of normal gardening activities such as grass cuttings, leaves, plants, flowers and other similar small and light matter that can be easily removed within a bin liner without causing damage to it;

“occupier” has the same meaning as defined in the Local Government Ordinance, 1939: Provided that “occupier” in respect of premises held on the Sectional Title Register opened in terms of section 5 of the Sectional Titles Act, 1971, means the body corporate, as defined in that Act, in relation to such premises;

“owner” has the same meaning as defined in the Local Government Ordinance, 1939: Provided that “owner” in respect of premises on the Sectional Title Register opened in terms of section 5 of the Sectional Titles Act, 1971, means the body corporate, as defined in that Act, in relation to such premises;

101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

HOOFSTUK 1.

Woordomskrywing.

1. Vir die toepassing van hierdie verordeninge, tensy dit uit die sinsverband anders blyk, beteken —

“besigheidsafval” afval, uitgesonderd bouersafval, lywige afval, huisafval of bedryfsafval wat ontstaan deur die gebruik van 'n perseel wat nie 'n private woonhuis is wat uitsluitend vir woondoeleindes gebruik word nie;

“bouersafval” afval wat weens slopings-, uitgrawings- of boubedrywighede op 'n perseel ontstaan;

“droë bedryfsafval” afval, uitgesonderd bouersafval, spesiale bedryfsafval of huisafval, wat vanweë vervaardigings-, instandhoudings-, monter- en demonterbedrywighede, asook die bedrywighede op spoorwegrangeerwerwe ontstaan;

“eienaar” 'n eienaar soos omskryf in die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939: Met dien verstande dat die “eienaar” van 'n perseel wat gehou word ingevolge die Deeltitelregister wat ingevolge artikel 5 van die Wet op Deeltitels, 1971, geopen is, die regpersoon is wat by dié Wet omskryf word;

“gelde” die gelde wat in die Bylae by hierdie verordeninge voorgeskryf word;

“houer” 'n standaard vullishouer soos deur die Raad goedgekeur en wat deur die Raad teen heersende koste voorsien kan word;

“huisafval” afval, wat tuinafval insluit, wat normaalweg afkomstig is van 'n gebou wat vir woondoeleindes gebruik word, insluitende woonstelle, hospitale, skole, hostelle, kampongs, liefdadigheidsorganisasies, kerke en sale geleë op myn of privaatgrond en wat met gemak sonder beschadiging van die plastiese voering, daarin verwijder kan word;

“lywige afval” afval, uitgesonderd bedryfsafval, afkomstig vanaf enige perseel maar wat vanweë die massa, vorm, grootte of hoeveelheid daarvan nie maklik in 'n houer met 'n plastiese voering opgegaar of verwijder kan word nie;

“okkupant” 'n bewoner soos omskryf in die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939: Met dien verstande dat die “okkupant” in die geval van 'n perseel wat gehou word ingevolge die Deeltitelregister wat ingevolge artikel 5 van die Wet op Deeltitels, 1971, geopen is, die regpersoon is wat by dié Wet omskryf word;

“openbare plek” 'n publieke plek soos omskryf in die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939;

“plastiese voering” 'n plastiese sak soos deur die Raad voorgeskryf wat binne-in die houer geplaas word;

“Raad” die Stadsraad van Krugersdorp, daardie Raad se Bestuurskomitee wat handel kragtens die bevoegdhede wat ingevolge die bepalings van artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960, aan hom gedelegeer is, en enige beampete aan wie dié Komitee ingevolge die bepalings van sub-artikel (2) van genoemde artikel, op gesag van die Raad, die bevoegdhede, funksies en pligte wat ten opsigte van hierdie verordeninge by die Raad berus, kan deleger, en dit inderdaad gedelegeer het;

"public place" has the same meaning as defined in the Local Government Ordinance, 1939;

"special industrial refuse" means refuse, consisting of a liquid or sludge, resulting from a manufacturing process or the pre-treatment for disposal purposes of any industrial or mining liquid waste, which in terms of the Council's Drainage and Plumbing By-laws may not be discharged into a drain or sewer;

"tariff charge" means the charge prescribed in the Schedule to these by-laws.

CHAPTER 2.

REMOVAL OF REFUSE.

The Council's Service.

2.(1) The Council renders a service for the collection and removal of business, domestic and garden refuse from premises at the tariff charge prescribed in the Schedule to these by-laws.

(2) The occupier of premises on which business or domestic refuse is generated, shall avail himself of the Council's service for the collection and removal of such refuse except where special exemption is granted.

(3) The owner of the premises on which the business or domestic refuse is generated shall be liable to the Council for all charges in respect of the collection and removal of such refuse from such premises.

Notice to Council.

3. The occupier of premises, or in the case of premises being occupied by more than one person, the owner of such premises, on which business refuse or domestic refuse is generated shall within seven days after the commencement of the generation of such refuse notify the Council —

- (a) that the premises are being occupied;
- (b) whether business refuse or domestic refuse is being generated on the premises.

Provision of Containers.

4.(1) After notification in terms of section 3, the Council shall after investigation, determine the number of containers required on such premises.

(2) The owner of such residential- or business premises shall be responsible for the supply of the predetermined number and type of containers as required by the Council from time to time.

(3) Containers will be supplied by the Council when possible on request, at ruling prices.

Placing of Containers.

5.(1) The occupier or owner of premises shall on an approved place on the premises provide sufficient space for the placing of the containers.

(2) The space provided in terms of subsection (1) shall be in such a position on the premises as will allow the storage of containers without their being visible from a street or public place.

(3) All containers shall be equipped with bin liners of at least 100 cm x 80 cm and 38 micron thick or as may be determined by the Council from time to time.

"spesiale bedryfsafval" afval wat bestaan uit 'n vloeistof of slyk wat ontstaan as gevolg van 'n vervaardigingsproses of die voorafbehandeling vir wegdoendoeleindes van myn- of bedryfsvloeï-afval wat ingevolge die Raad se Riolerings- en Loodgieterverordeninge nie in 'n perseel of in 'n straat of in 'n tuin ontlaas mag word nie;

"tuinafval" afval wat ontstaan deur normale tuinbedrywighede soos gesnyde gras, blare, plante, blomme en ander klein en lige afval wat sonder beschadiging daarvan in 'n plastiese voering verwijder kan word.

HOOFTUK 2.

VERWYDERING VAN AFVAL.

Die Raad se Diens.

2.(1) Die Raad lewer 'n diens vir die afhaal- en verwijdering van besigheids-, huis- en tuinafval vanaf 'n perseel af teen die geldie wat in die Bylae by hierdie verordeninge voorgeskryf word.

(2) Die okkupant van 'n perseel waarop besigheids- of huisafval ontsaan moet van die Raad se diens vir die afhaal en verwijdering van sodanige vullis gebruik maak, behalwe wanneer spesiale vrystelling verleen word.

(3) Die eienaar van 'n perseel waarop die besigheids- of huisafval ontstaan, is aanspreeklik daarvoor dat alle geldie wat ten opsigte van die afhaal en verwijdering van afval van sodanige perseel af betaalbaar is, aan die Raad betaal word:

Kennisgewing aan die Raad.

3. Die okkupant, of as daar meer as een is, die eienaar van 'n perseel waarop besigheids- of huisafval ontstaan, moet binne sewe dae vanaf die dag waarop die afval begin ontsaan, die Raad in kennis stel dat —

- (a) die perseel gëokkupéer word;
- (b) daar óf besigheids- óf huisafval op die perseel ontsaan.

Verskaffing van Houers.

4.(1) Nadat die Raad ingevolge artikel 3 in kennis gestel is, bepaal hy na ondersoek, de aantal houers wat by sodanige perseel benodig word.

(2) Die eienaar van sodanige woon- of besigheidsperseel is verantwoordelik vir die verskaffing van die voorafbepaalde tipe en aantal houers soos van tyd tot tyd deur die Raad vereis.

(3) Houers word wanneer moontlik, deur die Raad op aanvraag teen heerstende pryse, verskaf.

Plasing van Houers.

5.(1) Die okkupant of eienaar van 'n perseel moet op 'n goedgekeurde plek op die perseel voorsiening maak vir genoeg ruimte om die houers te plaas.

(2) Die plek waarvoor daar ingevolge subartikel (1) voorsiening gemaak word, moet so geleë wees op die perseel — of die houers wat daarop geberg word nie van 'n straat of openbare plek af sigbaar is nie.

(3) Alle houers moet met 'n plastiese voering van minstens 100 cm x 80 cm en 38 micron dikte, of soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal word, toegerus word.

(4) Bin liners containing refuse, properly closed, shall be placed inside the fence of the premises on the street boundary near the entrance or driveway entrance, on the day of removal as determined by the Council.

(5) If the premises is not fenced, such bin liners shall be placed on the boundary of the premises.

(6) If required by the Council, the place of collection must be so located as to permit convenient access to and egress from such space for the Council's refuse collection vehicles.

(7) A sufficient area must be provided to keep a special container for the storage of refuse as described in section 6(1)(a)(i) apart from the space necessary for the storage of refuse not kept in a special container.

(8) The Council may at its discretion, indicate a position from where the refuse may be removed more conveniently.

(9) Notwithstanding anything to the contrary, the Council may —

(a) in the case of buildings erected, or buildings the building plans whereof have been approved prior to the coming into operation of these by-laws; and

(b) in the event of the Council, in its opinion, being unable to collect and remove business refuse from the space provided in terms of subsection (1),

having regard to the avoidance of nuisance and the convenience of collection of refuse, indicate a position within or outside the premises where the containers shall be placed for the collection and removal of such refuse and such containers shall then be placed in such position at such times and for such period as the Council may prescribe.

Use and Care of Containers and Bin Liners.

6.(1) Every occupier of premises, or in the case of premises being occupied by more than one person, the owner of such premises shall ensure that —

(a) all the domestic or business refuse generated on the premises is placed and kept in such bin liners for removal by the Council: Provided that the provisions of this subsection shall not prevent any occupier, or owner, as the case may be —

(i) who has obtained the Council's prior written consent, from selling or otherwise disposing of any swill, corrugated cardboard, paper, glass or other material being an element of business refuse, for recycling in a manufacturing process or, in the case of swill, for consumption;

(ii) from utilising such domestic refuse as may be suitable for making compost, provided that the refuse remains on the premises;

(b) no hot ash, unwrapped glass or other business or domestic refuse which may cause damage to bin liners or which may cause injury to the Council's employees while carrying out their duties in terms of these by-laws, is placed in bin liners before he has taken such steps as may be necessary to avoid such damage or injury;

(c) no material, including any liquid which, by reason of its mass or other characteristics, is likely to render such bin liners unreasonably difficult for the Coun-

(4) Plastiese voerings met afval daarin en behoorlik toegebind, moet op die dag van verwydering, soos deur die Raad bepaal binne die omheining van die perseel naby die perseelingang of toegangspad geplaas word.

(5) Indien die perseel nie omhein is nie, moet sodanige plastiese voerings op die grens van die perseel geplaas word.

(6) As die Raad dit vereis, moet die plek van afhaal so geleë wees dat daar 'n gerieflike in- en uitgang vir die Raad se afvalverwyderingsvoertuie by so 'n plek is.

